

**3 OKTOBER**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 102 (OAV)  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 102:25-28**

**God se ewige jare troos ons in ons verganklike dae**

Psalm 102 se digter is siek, verlate en besig om in die fleur van sy lewe weg te kwyn. Daarom bid hy dat God uitkoms moet gee in sy reddelose omstandighede. Maar al sal dit nie in sy dae gebeur nie, vind hy troos as hy God se onverganklikheid bely teenoor sy eie verganklikheid.

As daar nie dadelik uitkoms in nood is nie, is dit nie omdat God nie hoor nie, maar omdat God se tydskaal anders as ons s'n is. Die dae van ons lewe is verganklik, maar God leef onverganklik deur die jare van geslag tot geslag. Hy gee uitkoms aan sy ware kind, al is dit soms dalk eers op die nuwe aarde waar die kinders van God se knegte altyd sal woon (vs. 29). Die hemel en aarde wat God gevestig het voor die mens nog daar was, sal verbygaan, tyd laat alles vergaan, maar God bly dieselfde en het geen einde nie.

In Christus word die troos van die gebed vir ons helderder en duideliker, want Hebreërs 1:10-12 maak vers 26 tot 28 van Psalm 102 op Hom van toepassing. Hy het vir ons sondes gely. So erg het geen mens ooit gely nie, want Hy het die hel se lyding en angs in ons plek deurgegaan. Sy lyding het egter uitloop op heerlijkheid aan die regterhand van die Vader. So sal al ons lyding op grond van sy verdienste ook uitloop op volkome heerlijkheid, as Hy die skepping wat soos 'n kleed verslyt en soos 'n mantel toegerol word, met die nuwe vervang (Op. 21:1). Teen daardie heerlijkheid wat op ons wag, sê Romeine 8:18, weeg die lyding van die teenwoordige tyd nie op nie.

As jy dus voel dat jy in lyding en beproewing aan die einde van jou krag gekom het, verteer en wegsterf en daar is geen uitkoms nie, moenie moedeloos word nie! Hoe erg ons lyding dalk ook mag wees in ons verganklike dae, en al vind ons dalk nie nou en hier uitkoms in ons nood nie, dit alles sal uiteindelik vir ons as gelowiges uitloop op die heerlijkheid by ons ewige God, die heerlijkheid wat Christus met sy lyding vir ons verwerf het.

*Sing: Psalm 90:1, 2, 7, 8 (1936-beryming)*

*Ds Jaco Putter (Potgietersrus)*